DEEL 116 | WEEK 15 | 12 APRIL | 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Aansoekproses weereens herhaal

• *Liezl Scheepers*

Die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit gaan die hele aansoekproses vir vakante sleutelposte binne die munisipale topbestuur vir die vierde keer herhaal.

Die poste van munisipale bestuurder, hoof finansiële beampte, direkteur gemeenskapsdiente en direkteur korporatiewe dienste is al vir meer as 'n jaar vakant.

Die raad het op 27 Maart tydens 'n spesiale sitting 'n mandaat goedgekeur om die poste weer te adverteer en 'n aanstellingskomitee saam te stel. Die gegewe tydsraamwerk waarbinne die vorige aansoekproses voltooi moes wees, kon "weens onvoorsiene omstandighede" nie gehaal word nie, is in die vergadering gesê. Geen verdere verduideliking oor wat die "onvoorsiene omstandighede" was, is gegee nie. Die gesloer met aanstellings veroorsaak 'n ernstige bestuurskrisis in die munisipaliteit, want solank 'n aanstelling vir die pos as munisipale bestuurder nie gemaak word nie, kan die vakatures vir die drie ander senior poste ook nie gevul word nie, omdat die munisipale bestuurder 'n leidende rol in die aanstellings speel.

Teen September 2023 is die pos van munisipale bestuurder vir Ngwathe reeds 'n derde keer geadverteer na maande waarin daar nie geslaag kon word om die proses binne die gegewe tydraamwerk af te handel nie. Nadat die pos aanvanklik geadverteer is, is gesê dat daar geen geskikte kandidate was nie. Die Vrystaat provinsie het toe inderhaas 'n munisipale bestuurder, mnr. T. Ngese gesekondeer om die munisipaliteit kans te gee om weer die pos te adverteer. Toe sy termyn verstryk het, het die provinsie weer 'n waarnemende munisipale bestuurder in die persoon van mnr. Tebogo Manele gesekondeer wat steeds in die pos waarneem.

Na verskeie kandidate wat as hoof finansiële beampte waargeneem het in die plek van mnr. Hopolang Lebusa wat in Julie 2022 bedank het, moes die provinsie uiteindelik iemand vir die pos sekondeer om waar te neem. Volgens rdl. Philip van der Merwe van die VF Plus is onderhoude vir die pos gevoer en 'n geskikte kandidaat geïdentifiseer. Met die gesloer om die proses af te handel het dié kandidaat egter intussen 'n ander pos aanvaar.

Die posisie van Ngwathe se direkteur van tegniese dienste, mnr. Malunga, is ook steeds 'n tameletjie nadat hy aanvanklik tydelik geskors was hangende 'n ondersoek, en sy tugverhoor toe nooit plaasgevind het nie weens 'n gebrek aan samewerking van getuies. Die klagte teen mnr. Malunga het verband gehou met pligsversuim en versuim om wettige opdragte uit te voer.

Volgens 'n vorige raadsnotule is mnr. Malunga kort nadat hy weer op kantoor was, aangeval en het hy daarna aangedui dat hy vrees vir sy veiligheid by die werk. Gevolglik is mnr. Malunga sedert September 2023 nie op kantoor nie, maar ontvang steeds sy volle salaris. Sy kontraktermyn verstryk eers op 30 Oktober 2025, maar is die besluit geneem om sy dienstermyn vroeër te beëindig. 'n Komitee moet nou namens die raad met mnr. Malunga en sy regsverteenwoordigers onderhandel oor hoe 'n skikkingsbedrag wat voorgestel is, aan hom betaal sal word. Sover bekend is 'n ooreenkoms steeds nie bereik nie. Eers sodra die ooreenkoms bereik is, kan die pos geadverteer word wat beteken dat een van die Ngwathe munisipaliteit se belangrikste diensleweringsdepartemente ook steeds leierloos is. Maande nadat die Ngwathe Raad mnr. Mxolisi Pali vroeër op kontroversiële wyse aangestel het as waarnemende direkteur van gemeenskapsdienste, het ook sy waarnemingstydperk al in Februarie verstryk sonder dat die Lid van die Uitvoerende Komitee vir Plaaslike Regering ooit reageer het op 'n versoek van die Vryheidsfront Plus om in te gryp en die munisipaliteit aan te sê om die onwettige aanstelling ter syde te stel.

Die versoek van rdl. van der Merwe aan die LUR het gevolg nadat hy die raad daarop gewys het dat mnr. Pali nie oor die toepaslike graadkwalifikasie vir die pos beskik nie, en ook nie voldoen het aan die vereiste vir aanstelling in die pos nie.

Dit was met die skryf van die berig nie duidelik wanneer die vakante poste weer geadverteer sou word nie.

# Winterreën maak strooptyd moeilik

*Foto erkenning: Danelle Oosthuizen*



**Boere is bekommerd oor die huidige stroopseisoen, nadat daar reeds vroeër die jaar waarskuwings was van 'n bogemiddelde winterreënseisoen. Met 'n moeilike 2023-2024 seisoen agter die rug, is boer gereed om sojabone en mielies te stroop, maar die vooruitsig van winterreën maak strooptyd moeilik.**









# Engo bring hoop vir kinders in Heilbron



Engo se Kinder- en Jeugsorgsentrum in Ringerstraat, Heilbron is een van 33 Engo Kinder- en Jeugsorgsentrums in die Vrystaat. Engo Vrystaat bestaan al meer as 120 jaar en versorg ongeveer 852 kinders regoor die Vrystaat wat deur die Kinderhof uit hulle omstandighede verwyder is. 'n Addisionele 13 251 kinders in gemeenskappe in die Vrystaat het die afgelope jaar kospakkies van Engo ontvang en 26 062 kinders het klere van Engo ontvang. Dit is maar van die aksies wat deur Engo Kinder- en Jeugsorgsentrums in gemeenskappe van stapel gestuur word om kinders in nood te ondersteun en hoop te gee.

Die koste om een kind per maand ten volle te versorg in 'n Jeugsorgsentrum, beloop R6 153,81. Daarom is die hulp van gemeenskappe waar ons huise geleë is, baie noodsaaklik en nodig. Kinders lê ons regtig baie na aan die hart en daarom wil ons ook alles in ons vermoë doen om hoop te skep vir die kinders in Heilbron Ringerstraat Kinder- en Jeugsorgsentrum.

Die Jeugsorgsentrum in Heilbron is geopen op 10 Januarie 2005 in Ringerstraat 40 in Heilbron. Die sentrum huisves tans 12 Sotho -sprekende kinders vanuit die gemeenskap en omliggende dorpe. Die ouderdomme van die kinders wissel van baba tot 18 jaar.

Indien lesers wil help met onmiddellike en dringende behoeftes vir die huis, kan die volgende skenkings oorweeg word:

- 4 Enkelbed Matrasse
- Beddegoed vir 12 Beddens
- Gasstoof
- JoJo Tank
- 12 Skooltasse
- Skoolklere en skoolskoene vir 12 kinders (seuns en dogters)
- 12 Plastiek stoele vir hulle eetkamer
- Nuwe gordyne vir 4 slaapkamers
- Handdoeke en waslappe vir 12 kinders

Engo hou ook op 16 Mei 2024 'n Gemeenskapsvergadering waar ons graag die gemeenskap wil uitnooi om meer te kom uitvind oor Engo en hoe om betrokke te raak by ons Heilbron, Ringerstaat Kinder- en Jeugsorgsentrum.

Kontak gerus vir Elmarie Els om jou plek te bevestig, en ook as jy op enige manier wil betrokke raak. Stuur 'n e-pos na elmarie@vironskinders.org.za of skakel haar by 079 599 4135.






## UIT DIE PEN:
### Week 15

Kleintyd het my gryse ou pa my die stories van koning Midas vertel. Die ene van die goud en die ene van die ore.

Koning Midas was 'n koning in Frigië in die agtste eeu voor Christus. Hy het op 'n dag 'n guns vir 'n knaap genaamd Silenus gedoen, en hom teruggeneem na sy aanneempa, Dionysus. As blyk van waardering kon Midas enige geskenk van Dionysus vra, net wat hy wou hê.

Koning Midas kies toe dat alles waaraan hy raak, in goud verander. Klink na 'n baie goeie plan, totdat alles waaraan hy gevat het, letterlik in goud verander het. Die bed, sy klere, die kos, sy kind en sekerlik sy vrou(e) ook.

Midas was platgeslaan. Wat nou? Hierdie geskenk staan hom glad nie meer aan nie. Hy gaan vra vir Dionysus om weer die towerkrag terug te vat. Dionysus sê hy moet homself in 'n sekere rivier gaan bad, wat hy toe doen. Sy goue towerkrag vloei in die rivier in tot waar dit uiteindelik op die strand uitmond.

Blykbaar die rede waarom strande goud lyk wanneer die son daarop skyn.

Natuurlik is bogenoemde 'n mite, maar dis 'n goeie storie met 'n les.

Maar dit is nie waar Midas en sy probleme eindig nie.

Die god Apollo raak vies vir Midas en wens hom lang ore toe. Midas was natuurlik nie baie beïndruk nie. Hy dra tulbande en ander koptooisels sodat niemand dit moes agterkom nie.

Op 'n mooi dag het sy haarkapper uitgevind dat hy lang ore het, amper soos 'n esel s'n. Koning Midas sê dat hy hom sal doodmaak indien die haarkapper ooit die geheim van Midas se ore verklap.

Die haarkapper kon nie die storie vir homself hou nie. Een aand gaan hy na die vleiland daar naby. Hy druk sy kop tussen die riete in en fluister: "Koning Midas het eselsore. Koning Midas het eselsore."

Die haarkapper was verlig om dit vir iemand te kon sê. Gelukkig het hy dit vir die natuur vertel en nie 'n mens nie, want mense kan soms woorde laat glip. Het hy gedink. Maar die riete het hom 'n streep getrek.

Wanneer die aandwind deur die riete waai, het die riete gefluister: "Koning Midas het eselsore. Koning Midas het eselsore."

Wanneer my gryse ou pa dit vertel het, het hy kompleet gefluister om die klank deur die riete na te maak.

Wat my by vandag se wonder bring: Wat maak jy met 'n geheim wat jy ronddra? Vir wie vertel jy dit: wie vertrou jy daarmee?

Ons weet, uit ondervinding, dat almal nie te vertroue is nie. En dat jy sekere dinge met sekere mense kan deel, maar nie alles met almal nie.

Hier is 'n voorbeeld: Jy weet dalk van finansiële wanbestuur by jou maatskappy, of erger nog, iemand wat geld by jou werkgewer steel. Vir wie gaan vertel jy dit? Moet jy dit enigsins vertel? Dit het my kop laat draai na 'n poligraaftoets toe. Hoekom ek tot daar gedink het, weet nugter.

Hier is my argument: Gestel jy het eergister uitgevind van die finansiële probleem. Die maatskappy het besluit om alle werknemers 'n poligraaftoets te laat afneem.

Net as kantlynaantekening: ek hoor dat mense noem dat iemand 'n "fotogeniese" geheue het. Nee, daardie term is "fotografies". Fotogenies beteken jy lyk altyd pragtig op 'n foto. Dis nie ek nie. Nog 'n woord wat mense laat struikel is "poligraaf." Ek hoor baie wat praat van 'n "poliograaf." Polio is 'n siekte, niks met liegstories te doen nie.

Terug by die finansiële probleem. Gestel die poligrafis vra die vraag: "Het jy van die diefstal geweet?" Klink na die gepaste vraag om te vra. Maar jy het twee dae gelede van die diefstal uitgevind, toe die ondersoek al begin is. Wat antwoord jy op die vraag? Ja, jy het daarvan geweet. Dus, sou die ondersoekers redeneer, is jy aandadig omdat jy dit nie aangemeld het nie. Nee, jy het nie toe daarvan geweet nie, maar jy weet nou. Dan bestaan die moontlikheid dat jy nie jou poligraaftoets slaag nie.

Ek weet glad nie hoe my "wonder" my vandag by die poligraaftoets uitgebring het nie.

Ek wonder net vir wie kan jy wat gaan vertel? En wanneer is die regte tyd om iemand iets te vertel. Ek dink aan baie mense wat fluitjieblasers geword het, en met hulle lewens geboet het. Een van hulle was Babita Deokaran. Wat my verder laat wonder het: hoe veilig is 'n fluitjieblaser?

Meeste maatskappye het 'n beleid vir fluitjieblasers. Beskerm dit regtig 'n fluitjieblaser? 'n Persoon wat te na gekom is, kan 'n gevaarlike vyand word. Dit is dalk die rede waarom daar so baie korrupsie is, want daar is moontlik iemand wat daarvan weet, maar hulle is te vrek bang om iets daaraan te doen.

Ek kies gewoonlik 'n sekere mens om 'n geheim mee te deel. Nie om iemand aan die kaak te stel nie, maar om te hoor wat ek dink. Ek wil hoor wat ek dink. Daardie persoon hoef geensins raad te gee nie. Ek wil hom of haar bloot net gebruik as 'n klankbord. Maar om te kies met wie jy daaroor praat, is gewoonlik al 'n stryd.

Dalk moet ek volgende keer om die hoek van ons kantoorgebou staan terwyl die wind waai. En dan soos die haarkapper maak en fluister: "Ek wil hierdie net van my hart af kry: bla bla bla…"

Hopenlik gaan die wind my woorde wegwaai en dit iewers laat land waar niemand iets van die situasie weet nie.

Spits jou ore, miskien hoor jy binnekort, wanneer die wind deur jou tuin of landerye waai, die volgende: ""Ek wil hierdie net van my hart af kry: bla bla bla…"

Hopenlik is dit honderde kilometers van my af en jy herken nie my stem nie.

# Be active physically



**• Heilbron Clinic**

Everyone needs regular physical activity. Along with a positive attitude and a healthy diet, your fitness level plays a major role in how well you feel, what illnesses you avoid, and how much you enjoy life.

Regular physical activity:

- Lowers your risk of premature death and death caused by heart disease.
- Reduces your risk of developing diabetes, high blood pressure, colon cancer, and osteoporosis.
- Helps lower high cholesterol and blood pressure levels.
- Improves your mood, relieves stress, and promotes a sense of well-being.
- Helps build and maintain healthy bones, muscles, and joints.
- Helps you maintain a healthy body weight.

If you already make regular physical activity a part of your life, keep up the good work. If you aren't physically active, there is good news. The latest research shows that exercise doesn't have to be vigorous to improve your health.

Along with a positive attitude and a healthy diet, your fitness level plays a major role in how well you feel, what illnesses you avoid, and your flexibility.

**Eat Right**

How and what you choose to eat affects many aspects of your health. Your diet plays an important role in helping you:

- Meet your nutritional needs and maintain a healthy weight.
- Have regular bowel movements.
- Prevent diseases such as heart disease, diabetes, and certain cancers.
- Treat diseases such as diabetes and high blood pressure.

Another important aspect of your diet is how carefully you prepare and handle foods. You need good food preparation and food handling habits in order to avoid food-borne illnesses.

# Vrystaat boere raadop oor toenemende mieliediefstal

Boere in die Vrystaat is raadop met die toenemende diefstal van mielies wat in verskeie dele van die provinsie voorkom.

Rudi Jansen van Vuuren, veiligheidsverteenwoordiger van Vrystaat Landbou (VL) in die Allanridge/ Odendaalsrus-area, sê dat daar in hul area beslis 'n toename is in die tipe diefstal in vergelyking met vorige jare. Hy sê dat sommige boere soveel as R200 000 aan veiligheidswagte spandeer om lande te bewaak, maar selfs dié aksie skrik nie altyd die misdadigers af nie.

"Kommerwekkend is die groot getalle misdadigers wat op die lande toeslaan. Ons het al gevalle gehad waar taxi's vyf groepe van tussen agt en vyftien persone aflaai en weer kom oplaai. Die misdadigers oordonder eenvoudig net die veiligheidswag, steel die toerusting waarmee die wag moet kommunikeer en dreig selfs die boere." Janse van Vuuren sê verder dat die veiligheidswagte in sekere van die gevalle self ook by die diefstal betrokke is. "Sekere wagte is al uit diens ontslaan soos wat boere dit agterkom. In die meeste van die gevalle het boere wel gemeld dat die wagte 'n groot uitgawe is maar dat dit wel help om die tipe diefstal se impak te beperk."

Dr Jane Buys, Veiligheid-risiko analis van VL, sê dat daar ook talle ander dele in die provinsie is wat onder dié misdaad deurloop. Areas wat gedurende Maart en April 2024 geraak is, is onder andere Bethlehem, Bloemfontein, Bothaville, Bultfontein, Clocolan, Fouriesburg, Jacobsdal, Koppies, Odendaalsrus, Reitz, Sasolburg/Zamdela (veral in die Wolwehoek area), Villiers en Wesselsbron. Buys sê volgens inligting word plase in die Fouriesburg-area geteiken deur Basotho's wat vanuit Lesotho opereer. "Hul steel mielies in sakke, plaas dit op donkies se rûe en beweeg dan so oor die grens. Waar boere hul konfronteer, hardloop hul weg en word die donkies en mielies herwin. Die tipe insidente vind gewoonlik in nagtelike ure plaas."




Buys voeg by dat daar egter in baie gevalle weinig arrestasies plaasvind. "Indien arrestasies wel plaasvind, wil dit voorkom asof bewyslas 'n groot probleem is en sake word in die howe uitgegooi. Boere is geweldig gefrustreerd. Hulle moet gedurende nagtelike ure patrollies ry, en dikwels is die misdadigers gewapen wat 'n groot veiligheidsrisiko vir hulle inhou".

"Groot intervensies deur die boerderygemeenskap in samewerking met die SAPD en Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) is nodig om dié tipe misdaad effektief aan te spreek. Die impak en omvang van die tipe misdaad in die area dui daarop dat die misdaad op 'n georganiseerde wyse plaasvind en dat dit as 'n georganiseerde misdaad geklassifiseer en ondersoek moet word deur beide die SAPD en NVG."

Vrystaat Landbou sal die boerderygemeenskappe behulpsaam. wees met die opstel en fasilitering van die intervensie gesprekke.

# INSPIRASIE RESEPTE




**ASIAN BRAISED PORK BELLY RECIPE**

1 - 1½ kg pork belly – bone in and scored

**Basting or braising**

2lt chicken stock [8 cups], 2 cm piece ginger, chopped
4 cloves garlic, 4 star anise,
1 tsp coriander seeds - whole,
1 tsp cardamom pods - whole
2 cinnamon stick - whole, 3 red chilli chopped
1 tsp coriander seeds - whole, 150ml soy sauce
250ml light soy [1 cup], 300ml sherry [1 1/3 cups]
100g palm sugar, 250ml honey [1 cup]

**Method**

Place Pork Belly into a large pot, cover with the chicken stock. Add all ingredients except for honey. Bring to boil, and then turn down heat to a simmer. Place a plate or small pot lid directly onto the pork belly to keep it submerged in the stock.

Cook for approximately 3 hours. When you can pass a skewer through the belly with ease, it is ready. Take care when removing the pork belly from the stock. Place on cutting board and remove the spices that stick to the pork belly. Score the skin slightly in a checker pattern.

Place onto greaseproof paper and place in a pre-heated fan-forced oven 230 degrees for approximately 20 minutes. The pork will be caramelized and golden.

Use a serrated knife and cut between the bones into slices. Season with Maldon salt.

Serve with mashed potatoes, steamed greens with ginger and sweet chilli sauce. Garnish with lime.

# Heilbronners ontvang graad



*Kyla Bennink (De Lange), inwoner van Heilbron, het onlangs haar graad in BHSc Sportafrigting met Menslike Bewegingswetenskappe aan die Noordwes-Universiteit voltooi. Hierdie prestasie is 'n kroon op haar harde werk, deursettingsvermoë, en passie vir sportafrigting en die menslike liggaam.*

*Kyla, 'n voormalige leerling van Hoërskool Heilbron, het drie jaar lank toegewyd gestudeer om hierdie graad te behaal. Haar liefde vir sport en die wetenskap van menslike beweging het haar gedryf om haar vaardighede en kennis te ontwikkel tot 'n hoogtepunt waar sy nou 'n ware kenner op hierdie gebied is. Tans is Kyla besig om haar passie vir sport en beweging te deel deur swem- en gimnastieklesse aan te bied, sowel as kinderkinetika in die Heilbron-gemeenskap. Sy is toegewyd om ander te help om gesonde leefstyle na te volg.*

*Kyla se sukses is 'n getuienis van haar harde werk, toewyding en liefde vir sport en beweging. Sy is 'n rolmodel vir jongmense wat drome het om hul eie merk te maak in die wêreld van sportafrigting en menslike bewegingswetenskappe.*



*Janes Van Rooyen, het onlangs sy hoofstuk by die NWU in Potchefstroom afgesluit deur BSc Landbou met Landbou-ekonomie en Agronomie te voltooi, en sy graad te ontvang. Met 'n vier jaar kursus agter sy naam, is Van Rooyen op pad na groot dinge. Gedurende sy tyd by NWU het hy nie net akademiese uitnemendheid bewys nie, maar het hy ook 'n stempel op die studente gemeenskap gedruk. As 'n trotse inwoner van Patria Manskoshuis het hy twee jaar op die Huiskomitee gedien, 'n rol wat hom die geleentheid gegee het om die bestuur en organisasie van die huis se aktiwiteite te lei. Een van sy grootste bydraes was sy tyd as organiseerder van Patria July vir twee jaar. Hierdie opwindende geleentheid is 'n hoogtepunt op die Patria-kalender, en Van Rooyen het nie net die viering tot nuwe hoogtes gelei nie, maar het ook 'n positiewe impak op die finansies van die huis gehad. Met 'n sterk sin vir verantwoordelikheid, het Van Rooyen ook suksesvol Jool en Finansies binne die huis bestuur. Sy insig en vermoë om finansiële uitdagings aan te spreek en oplossings te vind, het van hom 'n geliefde figuur onder sy medestudente gemaak. Van Rooyen se reis na sukses het nie by NWU begin nie; hy is ook 'n trotse oud-leerderling van BVHS, waar sy passie vir landbou en sy leierskapspotensiaal reeds sigbaar was. Met sy BSC Landbou en sy ryk ervaring in leierskap en gemeenskapsbetrokkenheid, is Janes Van Rooyen 'n inspirasie vir jonk en oud.*


**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)**

**DRAFT ANNUAL BUDGET 2024/25- 2026/27**

The **Municipal Budget for the financial year ending 30 June 2025** is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 22 of the Municipal Finance Management Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned, the following table is a consolidated overview of the proposed 2024/25 - 2026/27 Medium- term Revenue and Expenditure Framework:

**Table 1 Consolidated Overview of the 2024/25**

| R thousands | Actual Budget 2023/24 | Adjusted Budget 2023/24 | Budget year 2024/25 | Budget year 2025/26 | Budget year 2026/27 |
|---|---|---|---|---|---|
| Total Operating Revenue | 1,056,344 | 1,031,411 | 994,625 | 1,034,308 | 1,075,508 |
| Total Operating Expenditure | 1,133,185 | 1,082,962 | 1,111,801 | 1,161,381 | 1,213,567 |
| **Surplus/(Deficit)** | **-76,841** | **-51,551** | **-117,176** | **-127,073** | **-138,059** |
| Total Capital Revenue | 141,233 | 132,011 | 132,553 | 216,792 | 351,318 |
| Total Capital Expenditure | 153,235 | 133,371 | 132,553 | 216,792 | 351,318 |

Total Operating expenditure for the **2024/25** financial year amounts to **R1,1 billion**, the total Revenue amounting to **R 994 million** and translates into a budgeted deficit of **R - 117 million** (this is inclusive of non-cash items, amounting to **R 54 million**). The total Capital budget for 2024/25 financial year amount to **R132 million** funded by Provincial and National **grants**.

**The Council of Ngwathe Local Municipality, on the 27 Mar 2024, approved the Draft Budget 2024/25- 2026/27**

The copy of the draft budget is available on the municipal website.
www.ngwathe.fs.gov.za

**Enquiries can be directed to:**

**Teboho Manele**
Acting Municipal Manager
cfoadmin@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

**Keneuwe Lepesa**
Acting Chief Financial Officer
cfoadmin@ngwathe.co.za
Tel: 056 816 2700

# Heilbron waterstryd nog lank nie verby nie

• *Liezl Scheepers*

Enkele dae nadat die Noord-Gautengse Hooggeregshof op 26 Maart beslis het dat 'n interdik vir die herstel van watertoevoer na Heilbron onnodig sou wees, omdat Rand Water reeds waterbesnoeiing in die dorp gestaak het, het die waterstryd in dié Vrystaatse dorp opnuut begin, Heilbron se watertoevoer het verlede week onverwags en sonder verduideliking weer verminder na 4,6 megaliter water per dag pleks van die 8 megaliter water per dag wat die dorp vroeër gekry het.

Waterbesnoeiing is vroeër deur Rand Water in onder meer Heilbron toegepas as skuldinvorderingsmeganisme met die Ngwathe munisipaliteit wat in Maart al R66 miljoen aan Rand Water geskuld het. Die waterbesnoeiings is egter opgehef kort voor die aanhoor van AfriForum se aansoek vir 'n dringende interdik om die waterverskaffer te dwing om volle watervoorsiening na die dorp te herstel.

Heilbron is die enigste dorp binne die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit se grense wat deur Rand Water van water voorsien word.

Die stryd met watervoorsiening in Heilbron kom al van Desember 2023 toe die dorp se watertoevoer skiellik verminder het van 'n normale 8 megaliter water gemiddeld per dag na sowat 4,6 megaliter per dag, het VF Plus raadslid Philip van der Merwe gesê.

'n Waterlesing op 6 Maart vanjaar het daarop gedui dat die dorp toe 'n skamele 3,8 megaliter water per dag gekry het.

Tussen 7 en 12 Maart het die watertoevoer deurlopend verbeter na sowat 5,2 megaliter per dag en teen 13 Maart was daar skielik na maande weer konstant water in die krane toe Rand Water sonder verduideliking die watertoevoer na die dorp verhoog het na sowat 8,4 megaliter per dag.

AfriForum het die hof op 11 Maart genader met sy aansoek na Rand Water se kennisgewing van 1 Maart waarin die Merafong, Rand West, Emfuleni, Lesedi, Ngwathe, Govan Mbeki en Victor Khanye munisipaliteite gewaarsku is oor die waterbesnoeiings as dié munisipaliteite nie hul skuld betaal en afbetalingsooreenkomste beding nie. Die munisipaliteite skuld Rand Water gesamenlik meer as R3 miljard.

Die Ngwathe en Merafong munisipaliteite is voor die verklaring ook op 24 Februarie gewaarsku oor Rand Water se voorneme, en was dié twee munisipaliteite die enigste van die munisipaliteite wat gewaarsku is, waar waterbesnoeiing toegepas is, en daarna weer opgehef is. AfriForum se raadgewer vir Plaaslike regeringsake, Petrus Coetzee, het na die uitspraak gesê dat die hof op sigwaarde bevind het dat die waterbesnoeiings onregmatig was, en dat die burgerregte organisasie die hof in die toekoms weer op 'n dringende basis kan nader vir interdik indien hy bewus word van enige soorgelyke waterbesnoeiings deur Rand Water. VF Plus rdl. Philip van der Merwe het vroeër gesê Ngwathe vorder tans volgens die jongste syfers kontantvloeigewys slegs ongeveer 40% van sy begrote inkomste in, hoofsaaklik omdat baie min inwoners hul erfbelasting, rioolgelde, vullisverwyderingsgelde, waterverbruik en selfs elektrisiteitsgebruik betaal. Gebrugde elektrisiteitsmeters is 'n groot probleem en die munisipaliteit beskik eenvoudig nie oor die wil of vermoë om die probleem aan te spreek nie, sê hy. "Om te voldoen aan Rand Water se eis dat die lopende rekening gereeld betaal word en 'n afbetalingsplan vir die agterstallige skuld beding en nagekom word, is eenvoudig onhaalbaar gegewe Ngwathe se huidige finansiële krisis. Sonder ingryping van die nasionale regering voorsien ek nie dat 'n oplossing gevind sal kan word nie," sê rdl. Van der Merwe verder. Rdl. Van der Merwe het vroeër ook 'n skrywe aan die minister van waterwese en sanitasie gerig oor Heilbron se waterkwessie. In sy antwoord het die minister aangedui dat Ngwathe nooit op Rand Water se verminderingskennisgewing van Desember 2023 gereageer het nie, en dat Rand Water gevolglik aangeneem het dat Ngwathe die vermindering aanvaar. Rdl. Van der Merwe sê hoewel Rand Water nie waterbesnoeiing as skuldinvorderingsmeganisme kan gebruik nie, 'n hofinterdik teen waterbesnoeiing nie van toepassing sou wees as Rand Water 'n suiweringsvolume kapasiteit probleem het nie.

# Hoërskool Reitz skitter by Kloppers Tennistoernooi

Isak Hills, 'n leerder van Hoërskool Reitz, het op 5 en 6 April deelgeneem aan die Kloppers tennistoernooi in Bloemfontein, en het uitgeblink in die onder 14 kategorie. Hy het 'n indrukwekkende derde plek behaal in die enkelspel-afdeling en 'n tweede plek in die dubbelspel-afdeling saam met sy spanmaat, Edwald Erasmus van Brandfort behaal.


Die toernooi, wat bekend staan as een van die gewildste tennistoernooie in die Vrystaat, het spelers van regoor die provinsie bymekaar gebring vir 'n naweek vol intensiewe wedstryde en kompetisie.

Isak se vaardigheid en toewyding het hom gehelp om sy talent te wys en sy plek in die tenniswêreld te verdien. Daarbenewens het Lisa Hills, ook 'n leerder van Hoërskool Reitz, haarself op 2 April bewys tydens die Vrystaat Tennis proewe in Bloemfontein. Sy het 'n merkwaardige derde plek behaal op die dogters onder 19 Vrystaatleer, wat getuig van haar passie en vaardigheid in die sport.

Lisa sal die Vrystaat op 4 Mei verteenwoordig teen die Noordwes Provinsie, waar sy verdere geleenthede sal hê om haar talent te wys en haar skool trots te maak.

Hierdie prestasies van Isak en Lisa beklemtoon die sterkte en groei van die tennisgemeenskap by Hoërskool Reitz en is 'n bron van trots vir almal wat betrokke is by die skool se sportprogramme.

Die toewyding en harde werk van hierdie jong atlete is 'n inspirasie vir die jeug en 'n herinnering aan die belangrikheid van dissipline en vasberadenheid in die bereiking van doelwitte en suksesse in die sportwêreld.



*Isak Hills*



*Lisa Hills*



*Ewald Erasmus en Isak Hills.*

# Heilbron Kliniek sê dankie



*Heilbron Kliniek wil graag Afriforum en Eben Stander met sy span bedank vir die skoonmaak van die tuin. Dit word opreg waardeer.*

# Rugby uitblinkers



*Jurie Jonker en John Leonard, twee leerders van Hoërskool Heilbron, is onlangs gekies vir die Valke-rugbyspanne. Albei gaan die Valke onder 12 A verteenwoordig.*

# Estené skitter by SA kampioenskap



*Estené Jansen van Rensburg het tydens die SA Atletiekkampioenskappe bewys wat in haar steek. Die leerder van Hoërskool Heilbron het die skool se naam hoog gehou en 'n bronsmedalje huis toe gebring vir die 10 000 meter stap. 8 meisies het deelgeneem waarvan die eerste plek en tweede plek aan meisies gegaan het van die Wes-Kaap. "Estene vertel sy moes baie vroeg die oggend stap, dit was winderig, maar 'n belewenis en die kampioenskappe en stadium was baie lekker en spesiaal." Estené is 'n inspirasie vir ander om na te volg. Sy het bewys dat as jy hard werk en toegewyd is, jy die vrugte daarvan sal pluk. Haar sukses vier nie net haar persoonlike prestasie nie, maar ook haar talent en deursettingsvermoë.*




# KENNISGEWINGS

JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention ot apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER Nr. TE 35535/2004** passed by **MORAKANE SYLVIA NGOPHE** in favour of **MAFEREKA JOHANNES MOABI, Identity Number 270720 5105 081** in respect of certain
**ERF 123 KWAKWATSI, DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE**
which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at Koppies on 3 April 2024.
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**CORNELIUS AND PARTNERS INC**
**26A CHURCH STREET**
**PO BOX 21**
**KOPPIES 9540**
**Tel: 056 777 1884**

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION OF MOVABLE PROPERTY BY WAY OF PUBLIC AUCTION

In the Magistrate court for the district of Heilbron held at Heilbron.
**Case Number: 297/2023**
**In the matter between:**
**KHABOENENA KUNENE** *Plaintiff*
and
**MOCKETSI ANNAH NTHABISENG** *Defendant*

**PURSUANT** to a judgment of the Magistrate Court and a Writ of Execution dated the 22ND OF JANUARY 2024 under mentioned goods will be sold at on the 29TH OF APRIL 2024 at 13:15 by public auction to be held the Magistrates Court, Els Street, Heilbron Free State Province, to the highest bidder for cash.

1. The sale is in execution pursuant to a judgment obtained in the Honourable Court.
2. The rules of the auction are available 24 hours before the auction and can be inspected at the office of the Sheriff Reitz, 22 Wet Street.
3. The auction will be conducted by the duly appointed Deputy Sheriff for Reitz in terms of Section 6(1) of the Sheriff Act 90 of 1986 as amended.
4. Registration as a buyer is pre-requisite subject to specific conditions inter alia
   4.1 Directive of the Consumer Protection Act 68 of 2008; (Url: http://www.info.gov.za/view/downloadfileaction?id-99961);
   4.2 FICA legislation in respect of proof of identity and address particulars.
   4.3 Payment of registration deposit of R1 000.00 in cash or EFT.
5. All goods will be sold "VOETSTOOTS".
6. Goods offered for sale are:
   1x Defy 4 plate stove.
   Kic Fridge / Freezer
   3-piece white kitchen scheme

Signed at Heilbron on the 2nd day of February 2024
**SHERIFF OF THE COURT**
**(sgd) EP MULLER**
**ATTORNEYS FOR EXECUTION CREDITOR**
**ESTHE MULLER INC**
**47 ELS STREET**
**HEILRBON**
**TEL: 016 423 2920**
**EMAIL: admin@esthemuller.co.za**
**Ref: EM/sa File No: 12186**

## JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **20 April** | • PitStop vir Jesus in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal |
| | • AP Kerk Gholfdag |
| **28 April** | Amana ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **4 Mei** | Kermis / Basaar @ AGS Heilbron |
| **1 Jun** | Bronnies Gholfdag |
| **2 Aug.** | Suiderkruis Restaurant. Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **3 Aug.** | BoereTreat |
| **17 Aug.** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Aug.** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

**In the Estate of the Late:**
Surname: **SERFONTEIN**
First names: **JACOBUS HENDRIK**
Estate number: **3746/2023**
Identity/passport number: **680427 5135 084**
Date of death: **8/05/2023**
Last address: **76 ELS STREET, HEILBRON**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 12 April 2024 at the offive of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, heilbron Magistrate.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS: 40 CHURCH STREET, HEILBRON 9650**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: AA SCHUTTE**
**DATE SUBMITTED: 2024/03/28FOR PUBLICATION ON: 2024/04/12**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T502//2016** passed by
**ERMA MARIETTA VAN DEN BOS**
**Identity number: 540710 0073 081**
**Unmarried**
in favour of
**ANNA FRANCINA SCHONKEN**
**Identity number: 450630 0006 089**
**Unmarried**
In respect of:
**ERF 478 ORANJEVILLE, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 1115 (ONE THOUSAND ONE HUNDRED AND FIFTEEN) SQUARE METRES**
**HELD BY DEED OF TRANSFER T502/2016,** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron on this 12th day of April 2024.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**SCH19/0001/JHJ/mp**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer TE312/1999** passed by
**HEILBRON / PHIRITONA TRANSITIONAL LOCAL COUNCIL** In favour of
**DANIëL CHIBA**
**Identity number: 301120 5136 082**
Married out of community of property
In respect of:
**ERF 620 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 300 (THREE HUNDRED) SQUARE METRES**
**HELD BY DEED OF TRANSFER TE312/1999,** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron on this 12th day of April 2024
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**Ref: CHI1/0001/JHJ/mp**

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **PIETER JOHANNES DU PLOOY,**
**Identiteitsnommer 280331 5021 084,** Wewenaar, woonagtig was te Huis Bron-van-Heil, Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 29 Augustus 2023, **BOEDELOMMER 009337/2023.**
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 47 of 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer Number T9785/2007** owned by
**NIZMAN OSMAN,**
**Identity Number: 650620 5223 084,**
Unmarried, in respect of:
**HOLDING 72 VEEKRAAL SMALL HOLDINGS DISTRICT HEILBRON PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 4,2827 (FOUR COMMA TWO EIGHT TWO SEVEN) HECTARE**
which has been lost or destroyed.
All interested person having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein, New Centre Government Building, Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Margate on this the 9th day of April 2024
**APPLICANT: REHANA BEGIUM OSMAN,** in her capacity as Executrix in the **ESTATE LATE NIZAM OSMAN** Number 009839/2021, acting under Letters of Executor ship Number 009839/2021 issued by the Master of the High Court of South Africa KwaZulu-Natal Division, Pietermaritzburg on 13 November 2021 and in her capacity as surviving spouse of the **LATE NIZAM OSMAN** Number 009839/2021 to whom she was married in community of property.
**McGARR & CO.**
**41 BOYES LANE, MARGATE, 4275**
**E-MAIL address: hylton@mcglaw.co.za**
**CONTACT NUMBER: 039 312 2662**

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**WINKELURE**
**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078
POSTNET HEILBRON

# HERALD Sport


**Platteland Apteek** (the local choice)

Griepinspuitings beskikbaar by Platteland Apteek! Sien jou daar!

PLATTELAND APTEEK & KLINIEK

Kontak 087 527 0723 | WhatsApp 063 721 4950
Wentworth Square, Shop 3, Heilbron



**POSTNET HEILBRON**

BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006



**PLOEG SE MOER**

VISVANGWURMS – R50 PER BAKKIE
ERDWURMMIS – R400 VIR 20L
SLEGS OP BESTELLING
076 813 2751 /ploegsemoer



**WINKELURE**

MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National


Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za




Pryse
Skaap of Blesbok vleis pryse en ander pryse
Vir nie - gholfers
Skaap of Blesbok en ander pryse

Heilbron Gholfklub
Besprekings: Shaun Hayward 076 9816766
Inskrywing: R 350 per speler
Formaat: Best Drive Better Ball
Afslaan: 10:30 vir 11:00
Halfweg ete – Burger & skyfies
Aand – Steak-ete


**GiG Technologies**
Installasies van top kwaliteit Sekuriteitstelsels
Vir jou huis of besigheid



HEILBRON GHOLFKLUB
Host your SPECIAL EVENT at our Club Hall
Cutlery, Cash Bar, Tables & Chairs are included
T&C Apply


## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2024 JAARPROGRAM

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 13 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 9:00 |
| 18 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 9:00 |
| 8 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 06 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 9:00 |
| 17 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 07 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 9:00 |
| 05 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 9:00 |
| 08 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 20 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |


**WHEELCHAIR TO WORLDCHAMP**

saam Vicky Scheepers





**SULIMATED COFFEE MUGS Special**
Valid until 30 April 2024
R80 EX VAT per unit
R140 EX VAT when you take two


Add your own design!
Heilbron Herald
heraldgraphics2@heilbron.co.za
058 852 3033 | 44 Elsstreet, Heilbron



**BKB**
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG- 15 APRIL 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 16 APRIL 2024**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

**WOENSDAG - 17 APRIL 2024**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
MEMEL: ALS BOVELDER PRODUKSIEVEILING
11:00, Mizpah
Kontak JD Steyn 072 877 6984

**DONDERDAG - 18 APRIL 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 19 APRIL 2024**
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
KOPPIES: DOORNDRAAI BEEFMASTERS AANTEELVEILING
11:00, plaas Kromdraai
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071